# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

## AFKONDIGINGE: 6 MAART 2016

*"Deur die bloed van sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge vergewe kragtens die ryke genade van God" (Efesiërs 1: 7)*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir die Bybelgenootskap.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 gaan na die kinderoomblik na die Kinderkerk in die saal. Gr 7-8 se kategese is na die diens in die saal. Gr 9 kategese 10:00 in die saal. Gr 10 Woensdag om 18:00 by ds Robert. Graad 11 vergader 18:00 by ds Danie.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee sal u graag na die diens voor die kansel wil ontmoet.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENS:** ***Sesde Lydenssondag.*** Om 09:00 in die kerkgebou (ds Danie) en op Vleesbaai (ds André). Kinderkerk (ds Robert). Hierdie dienste sal spesiale feesdienste wees om dankie te sê vir die buitengewone sorg wat ons uit God se hand beleef het in die 2015/16 boekjaar (*sien volledige reëlings agterop*).

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Gemeente-ontwikkeling.

**KATEGESE:** Soos vandag.

## HERFSDANKFEES 2016



**VRYDAG, 11 Maart 2015 vanaf 17:00** in en om ons kerksaal. Die Boeresport en speletjies vir die kinders begin reeds 16:00. Die Kindertafel, pannekoek en drinkgoed sal dan reeds "oop" wees. Ons wil u almal nooi om lekker te kom saamwerk en saamkuier. Dit is hier waar ons mekaar beter leer ken en lekker bande smee. Nooi gerus u vriende, familie en bure saam!

**VLEISTAFEL:** Die beeste is geslag. Die verwerking van die vleis (ontbeen en blokkies sny) is Maandag, 7 Maart vanaf 08:30 by die saal. Die stop en verpak van wors en maalvleis is Dinsdag, 8 Maart vanaf 08:30 by die saal. Ons benodig baie hande en skerp messe. (Ons benodig nog kontant donasies vir die aankope.) Vleis word Dinsdag vanaf 11:00 verkoop.

***SAAMKUIER NA DIENS:*** *Lekker filterkoffie en tee word weer na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier gesellig saam en leer ken mekaar.*

## BELANGRIKE INFO

**PERSKES VIR BOTSWANA UITREIK:** Ons het die heerlikste gedroogte perskes van Ladismith. Geskilde perskes kos tot R130/kg in die winkels. Ons verkoop dit vir R80 p/kg. Gaan soek gerus of julle dit goedkoper op enige ander plek kan kry! Ongeskilde perskes wat ideaal is vir stowe, kos R60/kg en is ook in pakkies van R30/500g beskikbaar. Die geskilde perskes is ook in pakke van R20/250g R40/500g beskikbaar. Kry by die kerkkantoor of by ds Robert indien julle nie binne kantoorure kan afhaal nie.

**CHRISTO:** Die seun wat ons help by die WP Rugby Akademie. Die Here is vir ons baie goed. 'n Stigting in die Kaap by wie ons aansoek gedoen het, het vir Christo R20 000 en 'n maandelikse bedrag vir kos/sakgeld toegestaan. Ons kon reeds R15 000 betaal van die R45 000. Na die stigting se bydrae kort ons nog R10 000 vir die jaar om die R45 000 vol te maak. Ons staan maar net verbaas oor die Here se voorsiening. Die volgende R5 000 moet voor die 10de Maart betaal word. Die stigting se geld sal eers later die maand beskikbaar wees. Baie, baie dankie aan diegene wat verlede maand gehelp het. Onthou klein bedraggies help ook om die bedrag vol te maak!

**TUINWOONSTEL**: Is daar dalk iemand wat binne stapafstand vanaf die Suidkerk 'n tuinwoonstel vir 'n ouer dame het, wat onder R3 000p/m kos? Kontak asb vir ds Robert 044-691 2244.

**RIETVLEI BRAAI:** R113 935-00 (R24 969-50 meer as 2015).

**DEURKOLLEKTE:** Spesiale offer vir Blommekomitee was R2 354-60.

**TIENERS:** Onthou Sondagaand van 18:00-20:00 in die gat onder die verhoog in die kerksaal. Daar is al 'n mooi klompie tieners wat heerlik saamkuier. Kom gerus en bring 'n maat as jy wil!

**BOTSWANA-UITREIK:** Ons het nog plek 3 of 4 mense om op die Botswana uitreik te gaan. Ons vertrek die 25ste Junie, en sal binne twee weke terug wees. Gr 8-12's is baie welkom!

**BENODIG:** Ons jongmense kuier Sondagaande. Hulle kuier graag op die grond eerder as op harde kerkstoele, maar o wee, die grond kan darem hard raak. Ons soek enige sagte goed om op te sit. 'n Netjiese sponsmatras, kontinentale kussings, stoelkussings, 'n "poef", enige iets waarop hulle gemaklik kan kuier. Handig in by kerkkantoor.






## PAASFEES MET BLOMME



Ons nooi u graag uit na 'n baie spesiale viering van Paasfees. Gedurende Paasnaweek, 24 tot 28 Maart 2016, word 'n unieke uitbeelding van die Paasgebeure in ons kerksaal te 15de Laan gehou. Ons noem dit: *"Paasfees met Blomme".* Met blommerangskikkings en uitstallings word die totale Paasgebeure vanaf Jesus se intog in Jerusalem tot sy opstanding in verskillende stasies uitgebeeld. In die laaste twee stasies word ook uitgebeeld waarop hierdie gebeure uitgeloop het. Die gedagte is dat 'n mens rustig daardeur loop en deur die uitbeeldings onder die indruk gebring word van die betekenis van hierdie gebeure vir ons as mense en ook vir jou persoonlik. 'n Gebedskamer word ingerig indien besoekers 'n tydjie vir refleksie en gebed wil neem. Daar sal ook 'n teetuin wees waar 'n drink-en eetdingetjie geniet kan word. Die toegang is gratis, maar u sou 'n vrywillige donasie kon gee om die kostes te dek. Die uitstalling word ingelei deur 'n Paaswydingsdiens Donderdag, 24 Maart 2016, om 19:00. Na afloop van die diens is die uitstalling oop en sal 25-28 Maart daagliks oop wees vanaf 10:00 tot 18:00. U is welkom om meer kere te kom deurloop. Die Paaswydingsdiens is 'n diens met sang, musiek en voorlesings en stiltes om ons te help om te begin nadink oor die grootsheid van Jesus se kruisiging en sal uitloop op ons Nagmaalsdiens op Vrydag, 25 Maart om 09:00 in die kerkgebou. Op Sondag, 27 Maart om 09:00 vier ons die opstanding van Jesus Christus met 'n vreugdevolle diens in ons kerkgebou.

## DANKIE-SÊ DIENS




Volgende Sondag hou ons 'n spesiale diens om dankie te sê vir die wonderlike voorsiening met ons finansies. Ons kon die boekjaar afsluit met 'n goeie oorskot in plaas van die amper R200 000 tekort wat begroot is. Baie dankie vir elke lidmaat wat 'n ekstra bydrae gemaak het. Kom ons vier dit ook op spesiale wyse! Vrydag is ons Dankfeesbasaar en die Sondag daarna hou ons dan 'n spesiale feesdiens. Ons vra dat elkeen 'n gladde spoelklippie saambring om voor die kansel te plaas. 'n Datum, naam of woord kan daarop geverf word om aan te dui wat jou dankie-sê beteken. Ook op Vleesbaai asseblief. Ons gaan later permanente houers aanbring en dit ons dankaltaar maak. Dit kan geloofversterkend wees as ons mekaar op hierdie wyse herinner aan die wonderlike teenwoordigheid van God in ons lewens!

# GEBEDSBULLETIN


## *Tema vir Maart: Leef die Bybel*

**Dank die Here hierdie week vir:**

* Die pragtige deel van die land waar ons woon.
* Die Bybelgenootskap wat die Bybel vertaal, subsidieer en versprei.
* Elkeen wat hard werk en elkeen wat offers bring vir die Herfs-dankfees.
* Toegewyde lidmate wat die Bybel lees en navolg.

**Bid hierdie week vir:**

* Herlewing in die kerk - dat gelowiges daagliks volgens die Bybel sal leef.
* Die redding van studente (wat nog nie 'n verhouding met Jesus het nie).
* Voorbereiding vir die Paasfees met blomme.
* Dissipline in skole en dat die onrus van tersiêre inrigtings nie op een of ander manier na hoërskole oorspoel nie.
* Plaaslike verkiesings later vanjaar.
* Ons land - rassespanning, ekonomie, droogte, onderwys.




**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:
André Goetz Vleesbaai, Koos Alberts Da Gama str, Denise Laufs Nettie Thatcherstr, Duppie du Plessis 22ste Laan, Alfred Nielson Omnicronstr, Rika Stander JB Mullerstr, Eben Beukes Koraalboomstr, Rina Meyer Santos Haven, Wim Human Ryk Tulbaghstr.

**LIDMAATSKAP ONTVANG:**
David P Wepener en Elizabeth F Wepener vanaf Virginia—16de Laan.
Gunther Haussamer, Dorothea M Haussamer, Carl Haussamer (doop) en Wernich Haussamer (doop) vanaf Danabaai—Stinkhoutstr.
Charles H Joubert, Marieta Joubert en Tacha-Marie Joubert (doop) vanaf Hartenbos—Islandview.
Danie F Esselen, Rusta Esselen , Louis L Esselen (doop) en Kayla Esselen (doop) vanaf Jan Kempdorp—Ocean Ridge.
Leon Heunis en Elizabeth J Heunis vanaf Reebok—Kaapweg.
Nicolaas J Bernardo, Amanda S Bernardo, Maurice L Bernardo (doop) en Josua M Bernardo (doop) vanaf Jan Kempdorp—Village on Sea.



# PROGRAM VIR DIE WEEK



**KLEINGROEPE:** Vergader soos gewoonlik. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.
Ds Danie: Maandag om 15:00 in Santos 2 se sitkamer.
Dinsdag om 09:30 in die konsistorie.
Ds André: Dinsdag om 09:30 Bybelstudie in die kerksaal.
Woensdag om 18:30 selgroep by Bolandpark.
Ds Robert: Dinsdag om 09:00 Bybelstudie te 17de Laan pastorie en om 19:00 Tienie Bothastr, huis van Annie van Zyl.
Donderdag om 09:00 Rietvlei en Vleesbaai Bybelstudie (Vleesbaai in kerksaal, Rietvlei soos gereël).
Boekleesgroep om 19:00 te 17de Laan 18.
**Dinsdag:** Gebedsbyeenkoms om 17:15 in die konsistorie. Almal welkom.
**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 (ds Robert).
**Donderdag:** Om 06:00 bid die manne saam in die kerksaal (onder verhoog).
**Vrydag:** **HERFSDANKFEES** vanaf 17:00 in die kerksaal.

## BELANGRIKE INFO

**OESMAAND KOSKAS:** MAART is **Streek C** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of u kerkraadslid afgegee word. Navrae Joey (073 2988 142).

**ALPHA-KURSUS:** Dit is al deur meer as 13 miljoen mense wêreldwyd bygewoon. Dit is 'n evangelisasie en 'n dissipelskapkursus. Diegene wat kans sien om te help met die Alpha Kursus, of dit net wil bywoon kan vir Ds Robert kontak. Kan ook net sms na 084 684 1304. Stuur net weer jou naam as jy reeds aangedui het jy sal help.

**KINDERKERK-UITSTAPPIE:** Die uitstappie is 13 Maart. Ouers met kinders word aangemoedig om eers ons Feesdiens by te woon. Ons ontmoet mekaar dan 10:45 by Diazstrand se waterpark. Ons koop 'n kaartjie waarmee ons vanaf 11:00 tot 14:00 die warmswembad sowel as die glybane gebruik. Ons beplan ook om weer worsbroodjies te maak. Dis belangrik dat ons vooraf getalle moet hê vir die aankoop van toegangs-kaartjies en middagete. Gee asb u naam en getalle deur aan die kerkkantoor. Die gemeente dra die koste - ons wil op hierdie manier ons kinders en hul ouers bederf en dankie sê vir julle toewyding.

## ***Bankbesonderhede:***

*Dankoffers:*
*Absa Mosselbaai, 207 058 0031*

*Geloofsoffers:*
*Absa Mosselbaai, 207 016 7886*